*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (2/22)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 14 Januarie 2022*

***"Ability is what you're capable of doing. Motivation determines what you do. Attitude determines how well you do it." Lou Holtz***

## CGA STREEKSDIREKTEURE OP VIR HERVERKIESING

CGA-direkteure word vir 'n tydperk van twee jaar verkies, wat beteken dat ongeveer die helfte van die direkteure elke twee jaar vir herverkiesing op is. Ons het nominasievorms aan alle produsente gestuur in die streke waar Direkteure herverkies moet word (vir die tydperk April 2022 tot Maart 2024), indien jy nie 'n vorm ontvang het nie en 'n plaas in een van hierdie streke besit, kontak asseblief vir tanya@cga.co.za. Hierdie is die streke waar Direkteure verkies moet word:

**Senwes**: Huidige Direkteure Charles Rossouw en Piet Engelbrecht is albei vir herverkiesing beskikbaar
**Sondagsriviervallei**: Huidige Direkteure Hennie Ehlers en Hannes de Waal is albei vir herverkiesing beskikbaar
**Limpoporivier**: Huidige Direkteur Guy Whitaker is vir herverkiesing beskikbaar
**Oos-Kaapse Middellande**: Huidige Direkteur Jock Danckwerts is vir herverkiesing beskikbaar
**Zimbabwe**: Huidige direkteur Paul Bristow is vir herverkiesing beskikbaar
**Patensie**: Huidige Direkteur Phillip Dempsey is vir herverkiesing beskikbaar
**Hoedspruit**: Huidige Direkteur Tommie Landman is vir herverkiesing beskikbaar
**Letsitele**: Huidige Direkteur Jan Louis Pretorius is vir herverkiesing beskikbaar; huidige direkteur Ben Vorster is nie vir herverkiesing beskikbaar nie

Benoemings sal tot 28 Januarie 2022 oop wees. Indien daar meer as een nominasie in streke met een Direkteur (Zimbabwe, Limpoporivier, Patensie, Oos-Kaapse Middellande en Hoedspruit) is, of meer as twee nominasies vir streke met twee Direkteure (Senwes, Sondagsriviervallei en Letsitele), sal daar gestem word. Stem word per PUC gedoen, gewig word deur die uitvoerkartonne bepaal.
Die CGA wil graag vir Ben Vorster bedank vir sy nege jaar lange termyn op die Raad wat die Letsitele-streek verteenwoordig het. Oor daardie tydperk het Ben ook as CGA-voorsitter, ondervoorsitter en op die CGA-uitvoerende komitee gedien. Dankie Ben, vir jou leierskap en dat jy altyd die produsent eerste gestel het; jy het beslis op die CGA se aktiwiteite gefokus wat die beste vir die produsent is.

## CGA ROADSHOWS 2022

Die CGA Raad en bestuur het besluit om fisiese roadshow vergaderings in 2022 te hou – sou dit duidelik word dat dit nie moontlik is nie, sal ons na virtuele vergaderings terugkeer (ons kan hierdie besluit teen die middel van Februarie maak). Ons sien baie uit daarna om met CGA-lede te vergader. Die datums en tye is vasgestel, in sommige gevalle moet die plek nog bevestig word. Kan jy asseblief hierdie datums in jou dagboeke aanteken, en ons sal meer besonderhede byvoeg soos dit beskikbaar kom.
Soos gewoonlik sal Paul Hardman aan die hoof van een groep staan. Sy groep sal soos volg vergaderings hou – **Patensie:** Dinsdag 22 Februarie, 15:00 @ Suurvelder; **Sondagsriviervallei:** Woensdag 23 Februarie, 15:00 @ Africanos; **Oos-Kaapse Middellande:** Donderdag 24 Februarie, 15:00 @ Katrivier Raadsaal; **Senwes:** Maandag 28 Februarie, 15:00 @ Maroela Game Trails; **Onderberg:** Woensdag 1 Maart, 15:00 (lokaal TBC); **Nelspruit:** Dinsdag 2 Maart, 15:00 @ CRI; **Eswatini:** Donderdag 3 Maart, 15:00 @ Tambuti; **Nkwalini:** Vrydag 4 Maart, 12:00 @ Nkwalini Boeresaal.
Justin Chadwick gaan aan die hoof van die tweede groep staan met vergaderings soos volg – **Oranjerivier:** Maandag 21 Februarie, 15:00 @ Lake Grappa; **Citrusdal:** Woensdag 23 Februarie, 15:00 @ Piekenierskloof; **Boland:** Donderdag 24 Februarie, 15:00 @ Ashton Kelders; **Burgersfort/Ohrigstad:** Dinsdag 1 Maart, 09:00 @ Hanna Lodge; **Hoedspruit:** Dinsdag 1 Maart, 15:00 @ Francines; **Letsitele:** Woensdag 2 Maart, 15:00 @ Letaba Junction; **Limpoporivier:** Donderdag 3 Maart, 15:00 (lokaal TBC); **Zimbabwe:** Vrydag 4 Maart @ 15:00.